Naam

**VRAAG 3: GEDIG**

Lees die onderstaande gedig deeglik deur en beantwoord die onderstaande vrae.

**Band van Vriendskap**

Elize Botes



Saggies het jy gekom en 'n hand uitgesteek
van vriendskap en omgee, 'n glimlag so breed.
Soms luister jy net of gee my 'n Woord
as my lewenslied klink na 'n valse akkoord …

Dan weer 'n glimlag en 'n stewige handdruk
as my ogies nat is en my skouers wil snik
Jy sien ook my twyfel en weemoed soms raak,
vertel my van jou prag-kruik met sy eie seer kraak …

Jou vriendskap is 'n seëning, opligtend, vol goud,
jy deel jou Jesus-liefde, jy's die aarde se sout.

3.1 Omkring die letter langs die mees korrekte antwoord.
Die stemming van die gedig is …

A neerdrukkend.
B hartseer.
C waarderend.
D lagwekkend. (1)

3.2 Die gedig handel oor …

A vriende wie nie vir mekaar omgee nie.
B vriendskapsbande.
C die invloed van mense.
D hoe om vriende te maak. (1)

3.3 "As my lewenslied klink na 'n valse akkoord." Wat bedoel die digter met hierdie stelling?

______________________________ (1)

3.4 Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?

______________________________ (1)

3.5 Voltooi die volgende stelling: Volgens my mening is vriende mense wie …

______________________________ (1)

**[5]**

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 4: KOERANTBERIG**

Lees die onderstaande berig deeglik deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**HEI JY**



*Gareth Cliff*

Duisende luister soggens getrou na sy ontbytprogram op 5FM. En as 'n Idols-beoordelaar maak hy jou lekker die duiwel in. Leer ken die omstrede babbelkous en sy smake beter.

Dit skeel hom nie dat mense sê hy is gemeen op Idols nie. "Ek dink die terugvoer wat ek gee, is eerlik; ek probeer nie ongeskik wees nie. Mense kom na ons om hulle sang te beoordeel. Party mense gaan ontdek hulle is vrot. Jy kan my nie onbeskof noem omdat ek vir iemand wie nie kan sing nie, sê dat hy nie kan sing nie."

In die vroeë rondtes is dit soms moeilik om jou lag te hou. "Die oudisies is strykdeur snaaks. Dis moeilik om ernstig te bly. Ek smaak dit as Unathi (Msengana, sy medebeoordelaar) onbeheers begin lag."

4.1 Tydens watter tyd van die dag kan jy na Gareth Cliff se program luister?

____________________________________ (1)

4.2 "As Idols-beoordelaar maak hy jou die duiwel in." Wat beteken '*om iemand die duiwel in te maak*'?

____________________________________

____________________________________ (1)

4.3 Haal EEN woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as; '*iemand wie baie praat.*'

________________________ (1)

4.4 '*Gareth is 'n bekende in Suid-Afrika.*' Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met 'n sin uit die leesstuk.

____________________________________

____________________________________ (1)

4.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is? *Idols is soms snaaks.* Motiveer jou antwoord.

____________________________________ (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

LIVEWORKSHEETS

LIVEWORKSHEETS